

SKRIF- EN FOKUSGEDEELTE: ROMEINE 12:14-21 (NAV)

Absalom – Wraak kom nie die mens toe nie

Absalom het 'n hartseer geskiedenis (gaan lees gerus 2 Samuel 13-19 wanneer jy bietjie meer tyd het). Alles begin met Amnon wat sy eie suster Tamar verkrag het. Absalom, hulle ander broer, het Amnon daarvoor gehaat en hom twee jaar later vermoor. Aan Dawid, hulle pa, is daar berig: “Waarlik, daar was moord in Absalom se oë vandat Amnon sy suster Tamar onteer het” (2 Sam. 13:32). Dawid het hom egter nie op Absalom gewreek nie.

Later het Absalom op slinkse wyse die koningskap van Dawid afgevat en het hy so ver gegaan as om sy eie pa te probeer vermoor. Dawid het op geen manier probeer om sy seun se haat teen hom te wreek nie. Hy het intendeel by sy eie manskappe gepleit dat hulle saggies met Absalom moes werk indien hulle hom dalk sou vang.

Uiteindelik sterf Absalom self in sy opmars teen sy pa en Dawid treur bitterlik oor sy seun. Wraak kom nie die mens toe nie.

Dit word ons geleer in Jesus se optrede. Menslik gesproke, moet ons erken, moes Hy die volste reg gehad het om Hom oor onreg te kon wreek, maar Hy het nie. Hy het nie kwaad met kwaad vergeld soos Absalom nie. Intendeel, my en jou skuld en onreg het op Hom gekom. “Hy het ons smaad gedra sodat ons nooit weer tot skande sou word nie. Hy is ter dood veroordeel sodat ons voor die gerig van God vrygespreek kan word. Hy is aan die kruishout vasgespyker om die skuldbrief van ons sondes daaraan vas te nael” (Nagmaalsformulier).

Mens hoor so maklik die woorde: “Ek maak iemand dood as hy aan my kind raak ...” of: “Ek doen iemand iets aan as hy dit of dat teen my doen ...” Dalk mag dit gedagtes wees waarmee jy self worstel. Dink aan die hartseer verhaal van Absalom en dink dan aan ons Here se voorbeeld van liefde in plaas van wraak. “Moenie eiewys wees nie. Moenie kwaad met kwaad vergeld nie ... Moet jou nie deur die kwaad laat oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie” (Rom. 12:16b, 17a, 21).

Bid dat die Heilige Gees jou die krag en wysheid sal gee om onreg met liefde te beantwoord.

Sing: Skrifberyming 9-4:5, 6

Dr. SP (Fanie) van der Schyff (Pretoria-Brooklyn)